# DIE Wawiel

Jaargang 24 Vol 3 . Februarie 2013

## Wapadrand





STILTETYD



## God van seën

**Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees…**

- Efesiërs 1:3&4

**Here, vul my vriende se harte met U liefde. Vul dit met soveel seëninge dat hulle harte oorloop en almal seën met wie hulle in aanraking kom.**

**Seën hulle met helderheid van verstand sodat alles wat hulle beplan goed sal afloop. Maak die werk van hulle hande suksesvol in die wêreld en mag dit vrug dra vir U koningkryk.**

Amen

# LEES BINNE

Bladsy

STILTETYD……………………………………………………………………..2
BESTUURSLEDE...……………………………………………………………...4
REDAKSIONEEL…………………………………………………………………5
UIT DIE VOORSITTER SE PEN…...……………………………………………..6
PRESIDENTE SAAMTREK 2013…..……………………………………………7
4 X 4 NAWEEK DESEMBER 2012 ……………………………………………..8
MOPANI LODGEKAMP ……………………………………………………….. 10
BLOEKOMPOORTKAMP ………………………………………………………... 13
ONS JONGES..……………………………………………………………………15
NASIONALE UITVOERENDE BESTUURSAAMTREK…...……………..16
LIEF EN LEED.………………………………………………………………....17
ERKENNINGS ……………………………………………………………………18
RESEPTE...………………………………………………………………………19
DIE DOKTERSTROMMEL ……………………………………………………19
VERJAARSDAE EN HERDENKINGS.……………………………………………20
JAARPROGRAM 2013……………………………………………………...21



Sleepgoed gesien op die pad.

# DIE 2012/2013 BESTUUR



VOORSITTER — REINARDT VAN RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za
082 322 7217
(F) 0866 593 953



ONDERVOORSITTER — WYNAND THERON
wynand.theron@avis.co.za
082 881 7279
(W) 011 923 3864



SEKRETARESSE — JANETTA TOERIEN
janettat@vodamail.co.za
082 3255 634
(H) 012 808 5566
(F) 0866 139 200



PENNINGMEESTER — CHRISTO BEZUIDENHOUDT
bezuic@gmail.com *of*
finansies@wawiel.co.za
082 551 3475
(F) 086 660 0869



NUUSBRIEFREDAKTEUR — ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za
0822 56 5044 (W) 012 401 1927
(H) 012 808 5566 ( F) 086 715 8230



SENIORBURGER-VERTEENWOORDIGER — BETTIE MULLINS
BettieM@conningarth.co.za
083 255 0257
(H) 012 361 2275
(F) 012 349 1015



JEUG/KATEGESE — JOS RABIE
jrabie@dunns.co.za
082 928 1610
(H)012 326 8984
(F) 086 636 3542



GESINSAKTIWITEITE — ALTA VAN JAARSVELD
avj.oefen@gmail.com
084 444 1422
(H) 012 933 1295



Kontak gerus enige bestuurslid om te help met enige vrae.

# REDAKSIONEEL



Dit is ‘n nuwe jaar en ek het gou, soos gewoonlik, gedink om skouer aan die wiel te slaan. Nadat ek die knapie dopgehou het, het ek besef soms is die wiel net te intimiderend. Ek sal eerder net normaal aangaan en hoop dat ek nie teleurstel nie.

Die jaarafsluitingskamp by Bloekom-poort was ’n lekker bederf met dié dat alle etes voorsien is. Die bestuur het die Gangnam Styledans gedoen tot groot gegiggel en mev Tshungu en Kersvader het ons besoek.

Ons het met ‘n wonderlike kamp weggespring in Januarie by Mopani Lodge.
Die seniors is vol verrassings. Ons het alles van pannekoek en touknoop beleef tot Bingo en blakersmaak. Wapadrand is ongetwyfeld dié streek om van deel te wees. Ek kom elke nou en dan op plekke waar ek hoor hoe dit in van die ander streke gaan en ons is gelukkig. Die Wapadrandfamilie is nommerpas. Dit is nie dood of te aktief nie, soos Goue Lokkies sou sê - net reg!

Die Bestuur het die oop NUB vergadering, (Nasionale Uitvoerende Bestuur) by Bloekompoort bygewoon waar ‘n paar interessante besprekings plaasgevind het. Lees meer op bl 10.

Ons 25ste verjaarsdag in Augustus moet ook nou al aandag kry. Indien jy wil help, gee gerus jou naam vir ‘n bestuurslid en dui aan waarmee jy betrokke wil raak.
Ek beoog ook om ‘n tipe gedenkblad op te stel en wil graag vra vir enige foto’s veral uit die verlede. Hoe verder terug, hoe beter. Julle kan dit vir my e-pos of na‘n kamp saambring. Ek sal van die Silver Rocks kamp af by elke kamp ‘n skandeerder saambring vir nie-digitale foto’s. Ons kan probeer om sover moontlik dit nie uit albums uit te haal nie, om skade te vermy.

## KAMPVERSKUIWING

Let asseblief daarop dat daar per abuis in SAWA se jaarprogram aangedui is dat Wapadrand by Aasvoëlkrans kamp die naweek van 14 tot 15 September 2013.

Die kamp sal nie plaasvind nie, aangesien dit die Nasionale kamp is wat by Koppisol gehou sal word.

Maak asseblief seker dat alle dagboeke opgedateer word.
Mens wil nou nie by ‘n leë kamp opdaag nie, of hoe?



# Uit die voorsitterspen

Genugtig maar die tyd vlieg as mens besig is! Die jaar het omtrent met 'n "*BANG*" begin.

Ons Senior burgerkamp by Mopani Lodge was 'n groot sukses. Die manne het die touknope omtrent geniet. Dit moes definitief gebeurtenisse uit die verlede aangeraak het. Die vrouens het ook gewys dat hulle kunstig is met hulle skeppings. Die hoogtepunt vir my was die Sjinese braai die Saterdagaand. Ek het baie lank terug sulke spontane deelname onder ons lede gesien en daarvoor sê ek vir elkeen baie dankie. Dié kampstandaard gaan baie moeilik geklop word .

Paasnaweek is weer die Presidente saamtrek by Klipdraai. Baie moeite en reëlings word reeds getref om dit aangenaam te maak. Die kaskar wedren word vervang met boeresport en oud en jonk kan deelneem. Laat weet asseblief so gou moontlik of julle dit kan bywoon.

'n Punt van kommer is ook die afname in ledetal in ons streek. Dit is ook alreeds deur die gebied aangespreek. Ek wil vir elkeen vra of hulle nie bietjie onder hulle vriendekring en familie bemarking wil doen nie? Die lewe is so gejaag en wat beter is daar as om sommer met jou mense op 'n kamp te kuier?

Ek wil laastens dankie sê aan ons Hemelse Vader vir die geleentheid om te kan kamp saam met sulke wonderlike vriende. Maak 'n verskil en lewe voluit.

Groete Reinardt



Familie uit die Shire van The Hobbit.

# PRESIDENTESAAMTREK KLIPDRAAI

## BEKOSTIGBAARSTE PAASNAWEEK WEGBREEK

*Ons het reeds begin saamstel aan 'n lys van almal wat die Presidente saamtrek hierdie jaar wil bywoon.*

*Hier volg 'n uittreksel uit Hoofkantoor se skrywe:*

Hierdie saamtrek is weer by Klipdraai gereël tydens Paasnaweek. Die senior burgers trek reeds vanaf Dinsdag 26 Maart bymekaar. Ander lede is ook welkom om die voorafsaamtrek by te woon. Indeling van staanplekke word vooraf in streeksverband gedoen en geen verskuiwings word gedurende die saamtrek gedoen nie.

Streke word versoek om streng by die indeling te hou. Alle tweede voertuie asook voertuie van besoekers gedurende die naweek, sal by 'n vooraf gemerkte parker-area parkeer word en nie tussen die woonwaens toegelaat word nie.
Die oord versoek dat die spoedgrens van 10km per uur binne die oord deurgaans eerbiedig sal word.

Streek Vaalrivier het aangebied om as kampkommandante op te tree en ons vra lede se samewerking om hierdie naweek se reëlings glad te laat verloop.

Die tariewe is soos volg:

26 Maart en 27 Maart R150-00 per nag
28 Maart tot 31 Maart R150-00 per nag (Vertrek 1 April).

Totale tarief is dus soos volg.
26 Maart tot 31 Maart R920-00 en 28 Maart tot 31 Maart R620

Daar gaan hierdie jaar boeresport aangebied word deur Bronberg en dit beloof om groot pret te wees. U deelname en ondersteuning word waardeer.
Die wynveiling en "SAWA het talent"-kompetisie word ook weer aangebied. Bring asseblief 'n bottel wyn saam om van hierdie poging weer 'n groot sukses te maak.

*NB:*
*Alle besprekings moet deur Janetta gedoen word en betalings moet asseblief vooraf in Wapadrand se rekening gemaak word. Christo sal 'n globale oorbetaling aan die SAWA kantoor maak.*

*Kom kamp gerus saam, en veral die mense wat nog nooit 'n Presidentesaamtrek bygewoon het nie. Dit is soon skou, kermis en bazaar saamgegooi met heelwat vermaak tussenin.*

*SIEN JULLE DAAR—LAAT WEET SO GOU MOONTLIK*

# Ons 4x4 SAWA-naweek: Jakarandagebied



Wat 'n belewenis! As mens jare al deel is van SAWA, is jy geneig om te dink jy weet alles van kampering. Nou ja, mens is nooit te oud om te leer nie. Die nuwe been van SAWA - die 4x4 been – was nou vir jou 'n ondervinding.
Ons het 'n splinternuwe voertuig – ons eerste volwaardige 4x4 en ons was maar huiwerig om die voertuig bloot te stel aan risiko's, maar mens wil ook graag al hierdie uitdagings waarvan daar gepraat word, beproef. Vir,ons was dit ook belangrik dat ons kinders dit moet beleef en gemaklik hiermee sou wees. Kortom, vir ons was dit belangrik dat ons as gesin dit moes geniet – vroulief ook.

Baie dankie aan veral Willem en Maria Nordejé wat hier die leiding geneem het. Ons het nie een keer gevoel dat daar roekeloosheid, onbekwaamheid of ego's ter sprake was nie. Die gees was deurgaans baie goed en ons het 'n gevoel van samehorigheid ervaar. Ons het die natuur, beperkte ablusiegeriewe (ons moes self vuurmaak in die donkie) en natuurlik die groot reën, wonderlik ervaar. Dit laat jou weer besef hoeveel geriewe ons het en ook natuurlik hou al hierdie dinge jou nederig en ervaar jy jou God se genade soveel meer intens.
Vir Chris wat behoorlik grootgeword het met SAWA, is dit ook belangrik dat daar nie afgewyk word van SAWA se tradisies nie en dit het toe ook so behoue gebly die naweek. Van boekevat, plaatjiesontvang, lief en leed tot afsluiting.

Chris, Daleen & Kinders Pienaar

















## BLOUBUL HANDTEKENING!!

Al my Wapadrand vriende weet ek is 'n vurige Bloubulondersteuner. So twee jaar gelede het Sarie en Kie vir my die oulikste gebreide Bloubulletjie persent gegee. Bloubulletjie bly in ons woonwa en kamp gereeld saam.

Die Saterdagaand van ons Mopani Lodge kamp,sit ons almal in 'n groot gesellige kring en kuier. Toe sien ek hom, 'n regte egte Bloubul. Dawie Steyn. Ons eie Cas Steyn se seun. Ek gaan haal my gebreide Bloubulletjie en vra Dawie vir sy handtekening op my Bulletjie se trui. Wat 'n vriendelike jongman.

Dawie,ek nooi vir jou, Sherize en seuntjie Jason om ook Wapadranders word.

Bettie



# Mopani Lodgekamp

**25 – 27 Januarie 2013**

Hierdie was nogal 'n besige kamp gewees, maar dit blyk dat almal dit deeglik geniet het.

Kampinrigting Vrydag was erg warm gewees. Hoewel die terrein boomryk is, is die skaduwees nie baie dig nie.

Die swembaddens het egter heerlike Lafenis gebied





Hoewel die staanplekke naasteby gemerk is, was dit opmerklik dat Sawanante,en in besonder Wapadranders, hulle nie daaraan steur tydens 'n saamtrek nie. Die saamkuier is veel belangriker.

Die Seniors het vir Vrydagaand se intrapete heerlike pannekoek met maalvleis, kaassous, of kaneelsuiker na smaak aangebied. Party het tuis pannekoekvoorraad gemaak en sommige sommer die middag in die kamp. Hier is Nina Fuls en Bettie Mullins besig om seker te maak die vulselkonkoksies voldoen aan standaarde.





Tydens Saterdagoggend se boekevat was ons bevoorreg om 'n musiekfabriek, beman deur pa Reinardt en dogter Anandi, aan boord te hê. Wapadrand gaan in die toekoms nog lekker sing!

# JAARPROGRAM 2013

| | |
|---|---|
| 18 -  19 JANUARIE 2013 | MOPANI LODGE<br>Seniorkamp |
| 8—10  FEBRUARIE 2013 | BLOEKOMPOORT<br>NUB |
| 15-16 FEBRUARIE 2013 | KLEIN PARADYS BRITS |
| 08  - 09 MAART 2013 | SILVER ROCKS |
| 19-20 APRIL 2013 | SAN CHA LEN |
| 17-18 MEI 2013 | LIRACIA |
| 14-16 JUNIE 2013 | WINTERSAAMTREK BAKGATLA |
| 16 –17 AUGUSTUS 2013 | BOSVELD OASE<br>AJV & 25ste Verjaarsdag |
| 13  - 14 SEPTEMBER 2013 | KOPPISOL |
| 18-19 OKTOBER 2013 | HARTBEESHOEK |
| 15 -16 NOVEMBER 2013 | DRIE BERGE |

## ALLERGIESE BESKUIT

Nee, die opskrif was net om aandag te trek, beskuit kan nie allergies wees nie.

Nina Fuls is die persoon om te kontak as jy beskuit wil hê wat spesiaal vir mense met allergieë gebak word.

Kontak haar gerus vir koringvrye-, diabetiese- en wat die behoefte ookal is,  beskuit.

Sy maak nie bestandeelvryebeskuit nie, soos die seuntjie gesê het die definisie van ongesuurde brode is.

Nina kan gekontak word op 072 282 1858

# NOG BLOEKOMPOORT FOTO'S



Mev. Thungu het kom dankie sê dat haar man so goed ontvang en grootgemaak is.





Lekker saamsing



# NOG MOPANI LODGE FOTO'S




Die hele kamp het in 'n groot sirkel gesit en kuier tot die sjinese braai begin het.






Bingo!




Jonk en oud werk saam aan hulle projekte.


R 595 FS








Die ou wat Saterdag verveeld was, het net homself te blameer:

Terwyl die dames onder leiding van Joey Velloen spesiale kersblakers deur plak en verf onder die skadunet gemaak het (dit het na kleuterskoolpret gelyk), ….





…..het die manne saam met Johann Fuls onder die bome mekaar geleer toue knoop wat jy self weer kan losmaak.



Slegs enkeles het daarin geslaag om ‘n middagslapie in te pas, want Wynandt Theron het die kampeerders met Bingo verlei.  Heerlike waatlemoen op die skinkborde het lafenis voorsien teen die hitte.



Ron Velloen se groot braaiplaat het verseker dat man en muis Saterdagaand saam kom roerbraai het.



Die roerbraairoentes is uit die opbrengs van die Vrydagaand pannekoekverkope befonds. Van iewers af het Dawie Mullins ‘n verskeidenheid wyne op tafel besorg! – Dankie Dawie!

Na Sondag se erediens, gelei deur Ds Tinus Grobler van NG Noord-Oos Pretoria in Kilnerpark, het dieselfde pragtige grasdaklapa heerlike skuiling gebied vir die gebruiklike Voorsitterstee en formele kampafsluiting.





Wapadranders was egter traag om huistoe te gaan en het verder onder Reinhardt se missproeiers gekuier.

Dit was voorwaar 'n heerlike eerste kamp van die jaar gewees!



Die Sing-a-long by Bloekompoort

# JAARAFSLUITING—BLOEKOMPOORT

Die laaste kamp van die jaar het aangebreek voor ons dit almal besef het. Nou staan ons alweer aan die begin van 'n nuwe jaar en is dit amper onwerklik om te dink dat ons oor nege maande weer 'n jaarafsluiting het.

Bloekompoort was 'n bederfnaweek wat die kosmaak betref het. Ons het net nodig gehad om in 'n kort tou in te val etenstyd. Die kos was uit die boonste rakke en 'n goeie verskeidenheid ook en dit het die hele naweek so aangehou.

Vrydagaand moes die bestuur opsluit die Gangnam op die verhoog pleeg onder die dreigende tong van Alta. Nee, kom nou manne dis maklik, net 387 bewegings en julle is daar. Die ouetehuis doen dit, glad nie moeilik nie. Dit was egter groot pret.





Oor die naweek het nie net Kersvader 'n draai kom maak nie, daar was ook 'n poppekas wat kom help het met 'n boodskap vir ons almal..

Saterdag was Kersvader daar vir die kleintjies met groot opgewondenheid.





Alta van Jaarsveld het met die kinders gedans op die verhoog en hulle het buite wurm gebou.

Die gees onder Wapadranders is werklik besonders. Almal was deel van alles en dit word net lekkerder om by elke kamp te wees as gevolg van die mense.

## **Kampkonsternasie!!!**

Onlangs was ek saam met die graad sesse en sewes op ‘n veldskoolkamp. Alles was groot pret, interessant en harde werk. Ek het nog nooit so baie geloop nie. By die huis gekom die Vrydagmiddag, dra Andy my sakke in en ek val voor die televisie neer, flou.

Op ‘n stadium dring ‘n gezoem tot ons deur en ons begin soek......kyk al wat ‘n yskas en stukkie toerusting is deur, maar nee, kry, kry ons die oorsaak van die geluid nie. Beweeg mens ‘n ent weg, is die gezoem flouer of weg; ons verbeel ons seker maar. Ons sit net weer voor die televisie en daar is dit terug.

Naderhand druk Andy met sy hand op die bank om onderin te kyk en hy besef die bank vibreer! So kom ons toe agter die ondier is in my sak wat nog net so op die bank staan.
Andy het die sak uitgedra en ek moet wegstaan want wat dit ookal is, gaan steek of byt! Baie versigtig maak hy die ritse stukkie vir stukkie oop en kry toe die skuldige...... my tandeborsel wat op een of ander manier aangeskakel het.
Gelukkig toe nou geen skade nie, net ‘n pap battery. En o ja! Die tandeborsel se battery was ook pap!

## WEES OP JOU HOEDE BY ‘N BEGRAFNIS.

‘n Vriendin het onlangs haar ouma aan die dood afgestaan en moet toe Jan Kempdorp toe vir die begrafnis.

Buiten die hartseer, is ons ook almal bewus dat dit een van die min geleenthede is waar familie bymekaarkom. Ons vriendin en haar suster het tydens die begrafnis iets te drinke gaan kry en buite gaan staan. Met die vriendin se uitkom, kom ’n man haar tegemoet en vra hoe dit met haar gaan. Die gebruiklike familiesoengroet is uitgeruil en ’n paar stukkies inligting oor hoe dit gaan ens.
Vriendin se suster het uitgestap gekom en ook die oom kom groet en bietjie gesels.
By die kar aangekom, wonder die twee so ondermekaar waar die oom in die familie inskakel.
Hulle kyk weer rond en sien toe duidelik waar hy inpas. Hy is voorwaar die karwag. Vinnig kyk die twee vir mekaar en wonder toe wat hy van die gesoengroet van die Gautengers gedink het. Oënskynlik is Gautengers nie so bot soos die plattelanders dink nie of is hulle net te suinig om geld te gee en deel eerder maar net gratis soene en drukkies uit.

Die jongklomp en dit sluit tannie Alta in, was weer oral aktief. Hier bou hulle 'n wurm by Bloekompoort.





Kersvader word al ingewag.



# Oop NUB (Nasionale Uitvoerende Bestuursvergadering)

Die vergadering het op 9 Februarie by Bloekompoort plaasgevind. Hierdie is ‘n Sawabestuursvergadering waarna die President, Dagbestuur, Gebiedsvoorsitters asook alle ander Streekbestuurslede genooi word. Die doel van die vergadering is om meer betrokkenheid van almal tot die bestuur van Sawa te bewerkstellig.

Hoewel ons almal primêr net wil kamp, is daar tog reëlings en reëls wat nodig is om die goeie orde te kan handhaaf. Hierdie vergadering is deel daarvan.

Tydens die vergadering rapporteer elke Gebiedsbestuurder oor die stand van die streke in sy gebied. Dit behels die goeie en die slegte en oplossings word dan bespreek vir die probleme wat dalk ervaar word.

Dit het dan ook hierdie keer tot van die volgende sake gelei:
* Noord Boland is weer as volwaardige streek aangewys,
* Waterberg sal voortaan net as ‘n satelietstreek bedryf word,
* Streek Kremetart is ontbind,
* Daar is ook gepraat oor die Sawajaar, gesonde finansiële beginsels en die belangrikheid daarvan asook die voorgestelde herstrukturering van Sawa. Die herstrukturering behels kortliks dat vier of vyf addisionele dagbestuurslede die huidige Gebiedsvoorsitters sal vervang. Hierdie groep sal dan ook die funksie van die dagbestuurslid aan wie hy toegewys is, se pos kan volstaan, sou die betrokke lid vir een of ander rede nie beskikbaar wees nie. Die normale streekbestuursisteem word glad nie beïnvloed nie.

Tegnies is daar ook uitgewys dat neuskomberse vir woonwaens in baie gevalle die oorsaak is van houtvrot aangesien die kombers nooit heeltemal droog word aan die binnekant nie.
Almal is ook weer herinner dat die stutte van ‘n wa nie as domkragte gebruik moet word nie. Die waens is nie gebou om die spanning te kan hanteer nie en die onderstel sal buig.

Daar is ‘n ooreenkoms met die ATKV gesluit waarop alle Sawastreke dieselfde ooreengekome bedrag sal betaal. Die voorwaarde is net dat dit meer as 15 waens moet wees en nie tydens langnaweke of vakansies geld nie.

Die Presidente saamtrek by Klipdraai is ook bespreek en meer besonderhede is op bladsy 7.

# LIEF EN LEED



## LIEF

Met dank aan Die Here dat almal gespaar is en veilig terug is na die vakansie.

Tannie Muriel Erasmus se operasie was 'n sukses en sy sterk vinnig aan.

Baie geluk aan al die skoliere en studente met hulle prestasies.

Christo Bezuidenhout het 'n sleepvoertuig gekoop en sal nou weer makliker by die kampterreine uitkom.

Kobus en Amanda se seun, Rudi, het werk gekry.

## LEED

Johan Viljoen se broer is oorlede.

Riana Combrink se hand is nog baie pynlik na die operasie.

Hester Swanepoel moet verdere toetse ondergaan. Sy word sterkte toegewens.

FACEBOOK EN TWITTER

Wapadrand is nou ook op Facebook (Bakkiesblad) en Twitter.

Dit is 'n nuwe veld vir 'n klompie van ons,maar ons gaan so saam-saam leer hoe dit werk en sommer lekker kommunikeer en foto's ens uitruil.

Ek verwag dat ons so hier en daar bietjie gaan sukkel met 'n ding of drie tot ons meer bekend is met alles,maar moet asseblief nie moed verloor nie.

Die groot voordeel van Twitter is dat almal dadelik ingelig kan word van veranderinge en belangrike nuus. Ons gaan probeer om kritiese goed direk te plaas en omdat dit selfoongebonde is, kan almal oral op datum bly. Laai gerus die *Twitter App* af en volg ons om op hoogte te bly.

By
SAWA Wapadrand

by
@sawawapadrand

# ERKENNINGS





Martin en Tersia Rix ontvang hulle plaatjie vir 110 streekkampe

Hier gesien saam met Wynand Theron(Ondervoorsitter) heel links en Janetta Toerien (Sekretaresse) heel regs.

Wynandt en Linda Theron het Januarie 2012 aangesluit en ontvang November 2012 reeds hulle 10de streekplaatjie. ‘n Voorbeeld van wat gedoen kan word. Ook afgeneem saam met Wynand Theron (Ondervoorsitter) en Janetta Toerien (Sekretaresse)





Sarie Bezuidenhout ontvang haar Streek Merietetoekenning

# RESEPTE

**Gevulde pere**

1 blik halwe pere
1 blikkie tuna
2 eetl mayonaise
1 tl fyn gekapte ui

Meng laaste 3 bestandele en skep lepelsvol in peerhalwes vir ‘n heerlike voorgereg.

**Vinnige Suurlemoentert**

1 blik kondensmelk
3/4 kop suurlemoensap
500ml Ultramel room
1 pakkie tennisbeskuitjies

Klop room en kondensmelk saam. Voeg suurlemoensap by en klop tot styf.
Sit beskuitjies onder in vierkantige bak. Gooi mengsel oor en sit in die yskas tot gestol.

## DIE DOKTERSTROMMEL

**Treksalf**

1 Mespunt Engelse sout
1 Mespunt Vaseline
Meng Engelse sout met Vaseline. Plak seerplek of bytplek toe met die mengsel.
Verkieslik moet dit toegeplak bly vir ‘n week. Dit werk selfs vir spinnekopbyte.

**Verkoue**

1 Teelepel fyn gemmer
1 Mespunt rooirissiepoeier
1 Disprin
Meng in ‘n halwe glas louwarm water. Drink vinnig en klim in die bed.

# VERJAARSDAE
# en
# HUWELIKSHERDENKINGS

BAIE GELUK



BAIE GELUK

Veerjaarsdae van een kamp na die volgende word gewys. Indien iemand nie op die lys versky nie, laat ons asseblief weet.

| VERJAARSDAE | |
|---|---|
| Crisjan Pienaar | 23 Februarie |
| Daleen Pienaar | 23 Februarie |
| Betsy Theron | 26 Februarie |
| Chris Pienaar | 1 Maart |
| Heinrich Kluever | 1 Maart |
| Christiaan Bezuidenhout | 3 Maart |
| Amanda Burger | 6 Maart |
| Gerhardt Coetzee | 6 Maart |
| Letitia Coetzee | 9 Maart |
| Wynandt Pienaar | 10 Maart |
| Marthie Leach | 11 Maart |
| Johan Viljoen | 13 Maart |
| Piet Du Plessis | 13 Maart |
| Willie de Beer | 14 Maart |
| Meyer de Beer | 15 Maart |
| Mieke Pienaar | 20 Maart |
| Wilhelm Lombard | 21 Maart |
| Natasjha du Plessis | 24 Maart |
| Kobus de Kock | 29 Maart |
| Reuben Theron | 30 Maart |
| Chantél Swart | 2 April |
| Gerhard Botha | 3 April |
| Wilmari Lombard | 3 April |
| André Hattingh | 7 April |
| Kiewiet de Klerk | 9 April |
| Wynand Theron | 10 April |
| Amour Kluever | 11 April |
| Milan Norval | 13 April |
| Mareli Hattingh | 16 April |
| Cara-Lisa Pienaar | 20 April |
| Theresa Botha | 21 April |

| HUWELIKSHERDENKINGS | |
|---|---|
| Ursula & Schalk Van Schalkwyk | 05 Januarie |
| Linda & Wynandt Theron | 09 Januarie |
| Eunice & André Van Zijl | 10 Januarie |
| Nina & Johann Fuls | 01 Februarie |
| Ronel & Franscois Swart | 02 Februarie |
| Hester & Dawie Swanepoel | 10 Februarie |
| Geraldine & Seppie Müller | 12 Februarie |
| Erika & Kobus De Kock | 11 Maart |
| Riana & Carel Combrink | 14 Maart |
| Wilna & André Swartz | 16 Maart |
| Drienie & Wilhelm Lombard | 24 Maart |
| Natashia & Jos Rabie | 27 Maart |
| Rienie & André De Beer | 9 April |
| Bettie & Dawie Mullins | 23 April |
| Mariska & Jacques Norval | 27 April |